

WEEK 1

BLY – Ken jou posisie

Sleutelteks: Johannes 15:1-8

Doel: Dat ons seker kan wees ons is “in Christus” en Hy “in ons.” Om te verstaan dat ons nuwe posisie “in Christus” vir ons `n nuwe identiteit gee wat ewige sekuriteit bied. Daarom hoef ons nie meer in skuld en skaamte te leef nie.

Aktiwiteit: Kyk na `n foto van jou eie hond of enige hond (as jy nie een het nie). Dink na oor waarom daar gesê word “`n hond is `n mens se beste vriend.”

Gebed: Bid dat die Here jou eie hart ontvanklik sal maak vir hierdie materiaal, asook in jou nadenke oor sy Woord. Bid dat die Heilige Gees jou sal lei in die waarheid en aan jou sal wys hoe om alles prakties toe te pas wat jy hieruit leer. Bid dat die Here verheerlik sal word deur hierdie reeks.

Studiemateriaal

Maak jou Bybel oop by Johannes 15:1-17.

Lees dit een maal aandagtig deur.

Lees `n tweede maal deur die eerste agt verse (Joh. 15:1-8).

Sleutelkarakters

Jesus vertel hierdie storie vir sy dissipels. Dit is in die eerste persoon geskryf, m.a.w. elke keer as ons “Ek” of “My” lees, verwys Jesus na Homself. In vers 1 sê Jesus: *“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer.”* Dan, in vers 2, begin Jesus om die “lote” te bespreek wat “in My” is. Die “lote” se doel is om “vrugte te dra” en verduidelik hoe die Vader (die Boer) hierdie lote snoei sodat hulle kan vrugte dra.




In vers 4 maak Jesus dit duidelik dat sy navolgers hierdie lote is, as Hy sê, *“’n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.”*



Ons sien dus in hierdie gelykenis dat Jesus die wingerdstok is, sy Vader is die boer en sy dissipels is die lote en dat die doel van die lote, vrugdra is – sodat God se Naam verheerlik kan word onder alle nasies. Elke “karakter” het ’n doel, ’n rol en ’n posisie in die proses van vrugdra. As die wingerdstok enersyds as die lote sou begin funksioneer, of andersyds die boer probeer wees, sal daar geen vrugte wees nie.

Ons nuwe posisie

In Johannes 15, bied Jesus vir ons ’n antwoord op ’n onuitgespreekte vraag wat elke Christengelowige op ’n stadium in sy/haar lewe vra, nl.: *“hoe gaan my lewe nou anders wees?”* Anders gestel: *“wat moet ek doen, anders as voorheen, nou dat ek my vertrouwe in Christus gestel het en glo?”* Wanneer iemand tot geloof in Christus kom, is daardie persoon se fokus dikwels op hoe hulle gedrag moet verander in plaas van hoe sy/haar posisie verander het. Die innerlike verandering wat plaasvind wanneer ons ons lewe oorgee aan Christus, lei tot uiterlike verandering in ons gedrag; ongelukkig dink die meeste mense dit werk andersom. Ons plaas heeltemal te veel klem op wat ons moet “doen” en “nie moet doen nie.”



Jesus deel ons mee dat die Christelike lewe gebaseer is op ’n verhouding, nie op godsdienstige reëls, regulasies of dinge wat ons doen nie. In hierdie gelykenis, is daar baie min fokus op wat die dissipels moet “doen”, behalwe om te alle tye in Christus te **bly**.



Kruisverwysingstekste

Hier volg `n paar tekste wat ons nuwe posisie in die Ware Wingerdstok beklemtoon:

2 Kor. 5:17 – *“Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”*


Ef. 4:22-24 – *“Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.”*


So, as iemand nie “in Christus” is nie, waar is hy? Ten einde ons nuwe posisie in Christus volkome te verstaan, moet ons ook ons posisie buite Christus begryp. Kyk na die volgende teksverse in hierdie verband:

Rom. 6:23 – *“Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.”*

1 Kor. 15:21-22 – *“Aangesien die dood deur ’n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur ’n mens gekom. Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word.”*

In hierdie teksverwysings sien ons `n skille kontras tussen `n lewe buite Christus en `n lewe “in Christus” na bekering.





Vrae

1. Volgens hierdie gelykenis in Johannes 15, wat is die gelowige se nuwe posisie in die lewe?
2. Met Jesus se voorbeeld van die wingerdstok en die lote, wat beteken dit prakties vir `n gelowige wat "in Christus" is?
3. Hoe affekteer hierdie waarheid (om "in Christus" te wees) ons daaglikse lewe op dieselfde manier wat die wingerdstok die lewe van die lote affekteer?

Samevatting

Christus is die Ware Wingerdstok. God die Vader is die Boer. Alle dissipels van Jesus is die lote en hulle uitsluitlike doel is om die vrugte van die Wingerdstok te dra. As gelowiges is ons posisie "in Christus." God die Vader het ons daar geplaas en Hy hou ons daar. Ons moet ons ou identiteit "in Adam" laat vaar, ten einde ingeënt te wees op die Wingerdstok en nuwe lewe te kan hê, `n Nuwe identiteit en `n nuwe doel. Slegs as ons gewillig is om die beheer oor te gee aan die Boer en onself ondergeskik te stel aan die Wingerdstok, kan ons hierdie nuwe lewe volledig ervaar op die manier wat dit bedoel is. Siende dat ons veilig in die Wingerdstok is, is daar geen rede om in skuld, skaamte of vrees t.o.v. ons verhouding met God te leef nie. Ons is gekies, aangeneem, ingesluit, gemerk, verseël en volkome geregverdig deur God se genade. Ons is in Christus, `n nuwe skepping, hergeskape deur die Boer in die gelykenis van die Wingerdstok. Ons is nou volkome vry. Ons is vry om vas te staan (te **bly**) waar God ons geënt het om baie vrugte te dra tot sy eer. En onthou Jesus se laaste woorde op aarde: *"En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."*